
# DIE SOTHO-HUT:

J. Dreyer




Verskillende wonings op Thaba Bosio in die tyd van Moshoeshoe

Sekere algemene opvattings oor die leef- en woonwyse van die inwoners van die sentrale hoëveld voor die koms van die blanke bly hardnekkig vassteek en skep verwarring. Daar word steeds geglo dat ronde kliphuisies die enigste skuiling van die vroeë bewoners was. Omdat arbeiders op plase tot heel onlangs in rondawels en reghoekige huise van klei gewoon het, aanvaar ons dit as die tradisioneie vorm van behuising van die swartmense in ons omgewing.

Tydens 'n onlangse besoek aan Lesotho is gevind dat sommige mense in koepelvormige grashutte woon. Op grond van dié waarnemings, die geskrifte van vroeë *reisigers* en sendelinge, etnografiese bronne en argeologiese *navorsing*, is dit moontlik om te beweer dat koepelvormige grashutte reeds oor 'n baie lang tydperk bekend was. Na alle waarskynlikheid was dit meer in gebruik as wat algemeen aanvaar word.

Na 1833 is die sentrale binneland deur reisigers soos J.J. Freeman, James Backhouse en Andrew Smith en sendelinge Thomas Arbousset en Eugene Casalis besoek. Hulle gee beskrywings van koepelvormige grashutte met 'n raamwerk van latte of riete. Die dekgras is met gevlegte grastoue vasgebind en die mure is aan die binnekant gepleister. Die ingang van die hut bestaan uit 'n lae tonnel wat uitloop in 'n binnehof met 'n skermmuur van riete. Die hutte is rondom Bethulie, by Mequatleng naby Clocolan, by Maphororong of Doringberg naby Ventersburg en by Thaba Bosio in Lesotho aangetref.

Fotomateriaal uit Lesotho wat hierdie hutte uit die 1930's uitbeeld, is deur Duggin-Cronin en




Verspreiding van koepelgrashutte (*mohlongoafatse*) in Lesotho en die O.V.S.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012.)



Die hutte by ha Mmamate in die Kolonie-area naby Teyateyaneng is na bewering deur afstammelinge van Masopha, die seun van Moshoeshoe, gebou. Die struktuur het 'n kort ingangstonnel of *mathule* met 'n lae klipmuur onder die raamwerk van latte wat die dekgras stut. Latte en gras is met gevlegte grastou geheg. Die hut is tot op 'n hoogte van 1,8m aan die binnekant gepleister en die vervalle deel van die ingang word met 'n stutpaal (*tsiea*) versterk.

# Verlede tot hede


sameling, Nasko, Pretoria) nagelaat. Etnografiese beskrywings deur Walton (1948) en Sheddick (1954) dui daarop dat "the tunneled beehive hut", bekend as *mohlongoafatse*, in die tyd nog algemeen in gebruik was.

Argeologiese navorsing verbreed die grense van die verspreiding van die koepelvormige grashut. Dit bevestig die teenwoordigheid van hierdie tipe hutte in die omgewing van Lindley en Ntsuanatsatsi (Tafelkop) tussen Vrede en Frankfort (Maggs 1976). Op die plaas Doornpoort naby Winburg is daar tydens opgrawings duidelike oorblyfsels van hutte van riete en gras gevind (Dreyer 1990). Radio-koolstofdaterings plaas die bewoning van al hierdie terreine gedurende die 17de tot vroeg 19de eeu.

Tydens 'n besoek aan Lesotho (1990) is koepelvormige gras- of *mohlongoafatse*-hutte op verskeie plekke in die distrikte Leribe-, Berea en Teyateyaneng aangetref. Van die strukture is na bewering aan die begin van die eeu opgerig en 'n ander was tydens ons besoek nog in aanbou.

Uit die gegewens kan afgelei word dat koepelvormige grashutte in dele van die Vrystaat en Lesotho oor 'n tydperk wat strek van die middel van die 17de eeu tot 1990 in gebruik was. Hiermee wil geensins beweer word dat dit die enigste vorm van behuising was nie. Dit is duidelik dat daar ook ander tipes hutte gebou is en selfs vandag nog voorkom. Dit wil egter bleik asof die gegewens oor die bestaan en gebruik van koepelvormige grashutte grootliks deur onder andere die oorbeklemtoning van klipbou oorskadu is. Daarom is hierdie 'n poging om die koepelgrashutte op rekord te plaas.


(vervolg op bl. 10)




'n Stoorhut of *mokhoro* by ha Mmamate, Kolonie-area naby Teyateyaneng. Dit het 'n wye ingangstonnel en 'n groot stoorplatform of *mohaoloana* aan die agterkant. Twee bierpotte of *merifi* (85cm deursnee) is nog in posisie op die platform.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012.)




Die hut by ha Thebedi, Mesapela-area van die distrik Berea, was nog in aanbou. Die bouer, 'n bejaarde Motloung-vrou, het beweer dat sy die ou tegnieke van hutbou ken en gebruik. Die latte is in die grond geplant en aan die horisontale hoepels (*maballo*) met grastou (*thapo*) vasgemaak.



Ntate Sera Kgamokga, kundige bouer van die *mohlongoafatse* -hutte in Lesotho.



# DIE SOTHO-HUT:

# Verlede tot hede

By ha Makibinyane in die Matlameng-area, distrik Leribe, is 'n soortgelyke koepelgrashut (Hut 5), volledig met 'n lapamuur (*seotloana*), aangetref. Dit is deur die bewoner, 'n Mokoena, gebou. Die struktuur word as 'n woon- en slaaphut gebruik. Die vloer is met beesmis gesmeer en daar is 'n vuurmaakplek in die vorm van 'n holte in die vloer binne die hut sowel as een buite in die *lelapa*. Die opening in die lapamuur is laag (1,2m) met die deur van die hut 'n bietjie hoër op 1,4m.

## VERWYSINGS

ARBOUSSET, T. & DAUMAS, F. 1968. Narrative of an exploratory tour. Cape Town: Struik.

BACKHOUSE, J. 1844. A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa. London: Hamilton Adams & Co.

CASALIS, E. 1861. The Basutos. London: Oxford University Press.

DREYER, J.J.B. 1990. The Iron age prehistory of the Winburg Area, Orange Free State Unpublished M.A. thesis, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

FREEMAN, J.J. 1851. A tour in South Africa. London: John Snow.

MAGGS, T.M. 1976. Iron Age communities of the Southern Highveld. Pietermaritzburg.

SHEDDICK, V.G.J. 1953. The Southern Sotho. International African Institute, London.

SMITH, A. 1975. Andrew Smith's Journal of his expedition into the interior of South Africa 1834-36. Cape Town: Balkema.

WALTON, J. 1948. South African peasant architecture. Southern Sotho Folk Building. African Studies 7(4): 139-145.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012.)